

22. Laaste optrede

**Lukas 15: 1 - 32; Johannes 11: 1 - 57 en
Lukas 16: 1 tot Lukas 17: 37**

Jesus kom om die wêreld van sonde te verlos

Alle mense is sondig en het daarom 'n verlosser nodig om hulle uit hul sondige bestaan te red. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Ons moet saam met die engele bly wees oor sondaars wat hulle tot God bekeer.
- Jesus Christus is die opstanding en die lewe.
- Die koninkryk van die Here het reeds gekom.

Die Fariseërs en die tollenaars

Jesus het waarskynlik reeds die Jordaan oorgesteek op weg na Betanië. Tollenaars en sondaars stroom na Hom toe om na Hom te kom luister. Hy eet ook saam met hulle, iets waarteen die Fariseërs en skrifgeleerdes ernstig beswaar maak. Volgens hulle word mens onrein deur met die tollenaars en sondaars vriende te wees. Iets wat hulle nie doen nie, want hulle onderhou die wet.¹⁸¹ Hulle het reeds vroeër hierdie standpunt ingeneem en bly nog steeds daarby.

In hierdie omstandighede vertel Jesus drie gelykenisse wat saam 'n eenheid vorm: die van die verlore skaap, die verlore penning en die verlore seun. Al drie het 'n duidelike boodskap. Sondaars word verseker dat God hulle soek, maar hulle moet hulle van hul sonde bekeer. Die Fariseërs word ook daarop gewys dat God bly is as 'n sondaar hom bekeer. Daarom behoort hulle, wat meen dat hulle vriende van God is, ook bly te wees as dit gebeur.

181 1 Joh. 1: 8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

Die gelykenis van die verlore skaap

Die gelykenis van die verdwaalde skaap het Jesus reeds vroeër by 'n ander geleentheid vertel om te beklemtoon dat die Vader nie wil hê dat één van sy kinders verlore gaan nie. Nou herhaal Hy dit om die klem op blydschap te laat val.

Die Here sê vir die Fariseërs dat as 'n persoon honderd skape het en een van hulle raak weg, hy die nege en negentig in die woestyn laat staan en eers die een wat weg is, gaan soek totdat hy dit kry. En as hy dit kry, dra hy dit met blydschap op sy skouers terug na sy huis toe. As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure om in sy vreugde te deel, want hy het sy skaap gekry wat weggeraak het. Net so is daar groot blydschap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.

Verder sê Hy vir die tollenaars en sondaars dat daar vir hulle redding is mits hulle hul bekeer. En aan die Fariseërs sê Hy dat hulle bly behoort te wees vir elke sondaar wat gered word. Verder bedroef hulle die Here in die hemel aangesien hulle dink dat hulle nie bekering nodig het nie.

Die gelykenis van die verlore penning

Die volgende gelykenis is ontleen aan die lewe van die vrou in die huishouding. Sy moet met meet en pas haar huis in stand hou. Elke geldstuk, hoe gering ook in waarde, is van betekenis en word met sorg gespaar. Hierdie vrou het tien pennings gespaar en dan ontdek sy dat een weggeraak het. Dit moet egter êrens in die huis wees. Daarom neem sy 'n besem en 'n lamp en begin alles omkeer en uitvee en soek totdat sy die penning kry. Die een penning het in daardie omstandighede vir haar meer waarde gekry as die ander nege.

Wanneer sy die penning wat weg was opspoor, roep sy die buurvroue bymekaar en vertel wat gebeur het. Hulle is saam met haar bly. So, sê Jesus, is daar blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

Weereens is die les dieselfde. Aan die sondaar word gesê dat al het hy soos 'n verlore penning geword - dood in die sonde - soek God hom nogtans op om hom te behou. En aan die regverdiges word gesê dat hulle saam met die engele in die hemel bly behoort te wees oor 'n enkele sondaar wat gered word.

Die gelykenis van die verlore seun

Om nog verder te wys hoe bly die Here is oor een sondaar wat hom bekeer, vertel Jesus vir hulle nog 'n gelykenis: 'n Man het twee seuns gehad. Die jongste het toe hy ouer geword het, ontevrede geraak in die huis van sy vader waar hy nog steeds minder belangrik was as sy ouer broer. Hy word so ongelukkig dat hy op 'n dag sy vader vra om sy deel van die erfenis aan hom te gee sodat hy kan weggaan. Die vader doen wat hy vra.

Kort daarna het die seun sy goed gevat en weggegaan na 'n ver land. Daar het hy deur 'n sedelose lewe alles wat hy besit het, verkwis. Toe hy niks meer oor het nie, kom daar 'n groot hongersnood oor die land en hy begin swaar kry en ly selfs honger.

Hy gaan werk toe by een van die burgers van die land wat hom veld toe stuur om varke op te pas. Hy was so honger dat hy nie sou omgee om van die peule te eet wat vir die varke bedoel is nie, maar niemand het dit aan hom gegee nie. Eindelik het hy begin nadink en skielik besef hoe sleg sy lewe nou is. Hy sê vir homself dat sy vader baie arbeiders het en dat hulle meer as genoeg het om te eet terwyl hy vergaan van die honger. Hy besluit om na sy pa terug te gaan en vir hom te sê dat hy teen die hemel en teen hom gesondig het en nie meer werd is om sy seun te wees nie. Hy moet met hom maak soos een van sy arbeiders. Daarna vertrek hy na sy pa se huis toe.

Toe hy nog ver was, het sy pa hom gesien en hom baie jammer gekry en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen. Die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel en teen u en ek is nie meer werd om u seun te wees nie. Sy pa antwoord hom nie eers nie, maar sê vir sy diensknegte om die beste klere te bring en dit vir hom aan te trek en 'n ring vir sy hand te gee en skoene vir sy voete. En bring die vetgemaakte kalf en slag dit en laat ons eet en vrolik wees, want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin fees vier.

Hoe bly is ons hemelse Vader nie as daar een afgedwaalde seun of dogter na Hom toe terugkom nie. Die Here maak hom immers aan ons bekend as ons hemelse Vader wat vir sy kinders sorg.¹⁸²

182 Deut. 11: 11 en 12 Maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink; 'n land waar die HERE jou God voor sorg; die oë van die HERE jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar.

Die oudste seun

Die oudste seun was in die veld by sy pa se vee toe die jongste tuis kom. Toe die oudste later in die dag terug kom en nog ver van die huis af was, hoor hy die musiek en sang en sien die bedrywigheid by die huis. Hy gaan nie nader nie, maar roep 'n dienskneg en vra wat aangaan. Opgewonde vertel die dienskneg dat sy broer huis toe gekom het en dat sy pa uit dankbaarheid fees vier. Onmiddellik is die oudste seun kwaad en weier om nader te gaan.

Die pa gaan toe self uit na hom en smeek hom om in te kom. Hy weier en gee uiting aan sy woede. Hy dien sy pa so baie jare getrou en sy vader het nog nooit vir hom 'n fees berei nie, maar nou word daar vir die wegloper wat sy geld en lewe weggesmyt het, 'n groot fees gehou. So gaan die oudste seun voort om sy pa te verwyt. Die pa bly egter kalm en wys daarop dat die oudste altyd by hom is en dat alles ook aan hom behoort omdat hy nou die enigste erfgenaam is - die jongste het mos sy deel weg. Die pa sê vir hom: "Ons moet vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword en hy was verlore en is gevind".

Uit hierdie deel van die gelykenis moes die Fariseërs begryp dat hulle die houding inneem van die oudste seun. Hulle weier om iets te doen te hê met hulle broer, die sondaar, wat uit die dood gered is. Die Vader in die hemel is bly, maar die Fariseërs weier om saam bly te wees oor die sondaar wat gered word. Daarom bly hulle buite staan en het geen aandeel in die hemelse feesmaal nie.

Lasarus se siekte

In Betanië, naby Jerusalem, woon Martha en Maria en hulle broer Lasarus. Jesus kom baie keer by hulle aan huis as Hy in Jerusalem en omgewing is. Hy het die broer en susters ook opreg lief. Toe Jesus by Betabara is, stuur die susters 'n boodskap aan Hom om te sê dat Lasarus ernstig siek is. Die bedoeling is dat Hy moet kom om hulle by te staan en miskien vir Lasarus gesond te maak. Jesus sê vir sy dissipels dat die siekte nie tot die dood is nie, maar dat die siekte sal dien om God en die Seun van God te verheerlik. Daarom het Jesus nog twee dae gewag voor hy na hulle toe vertrek.

Aan die einde van die twee dae sê Hy dat hulle nou weer na Judea moet gaan. Die dissipels wil nie gaan nie omdat die Jode by die fees van die tempelwyding amper vir Jesus gestenig het en hulle wil nie Jesus onnodig in gevaar stel nie. Die Here Jesus laat hulle egter verstaan dat sy tyd nog nie aangebreek het nie.

Hy verseker sy dissipels dat Lasarus net slaap en dat Hy hom gaan wakker maak. Maar hulle verstaan nie wat die Here bedoel nie, daarom sê Hy reguit: "Lasarus is dood." Hoewel Hy niks verder gehoor het nie, het Hy, die Seun van God, dit geweet. In hierdie geval sou die dood egter nie die einde wees nie. God het immers mag ook oor die dood.¹⁸³

Thomas moedig die ander dissipels aan om saam met Jesus te gaan en later vertrek hulle na Betanië.

Opwekking van Lasarus

'n Mens kan maklik in een dag van Betabara na Betanië reis, maar die Here is nie haastig nie en op pad preek Hy en doen wonders. Toe Hy eindelijk in Betanië aankom, is Lasarus al vier dae dood en reeds begrawe. In Betanië ken die mense Jesus en gou het 'n boodskap by Lasarus se susters, Martha en Maria, uitgekom dat die Here op pad is. Martha staan haastig op en gaan na Hom toe. Maria bly egter in die huis sit. Toe Martha by Hom kom, verwyt sy die Here en sê dat haar broer nie sou gesterf het as Jesus daar was nie. Die Here sê haar broer sal opstaan. Sy aanvaar dit, maar meen dat dit by die opstanding op die laaste dag sal wees. Dan sê Jesus: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe ook al het hy gesterwe." Op sy vraag antwoord Martha dat sy dit glo en voeg by dat sy glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.

Nadat sy dit gesê het, gaan sy gou huis toe en sê stilletjies vir Maria dat die Meester daar is en haar roep. Maria gaan na die Here toe en val voor Hom neer en verklaar dat haar broer nie sou gesterf het as Hy daar was nie. Toe die Here sien hoe sy en die Jode huil, het Hy self ook baie hartseer geword en ook begin huil.

Op sy vraag gaan wys hulle vir Jesus waar hulle Lasarus begrawe het. Toe hulle by die graf kom, het die Here weer baie ontstel geraak. Die graf is 'n grot wat met 'n groot klip toegemaak is. Toe Jesus hulle vra om die klip weg te neem, sê Martha haar broer is al vier dae dood en dat hy al ruik. Jesus troos haar en sê as sy glo, sal sy die heerlijkheid van God sien. Hulle neem toe die klip voor die graf weg.

183 Hos. 13: 14 Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf? Berou bly vir my oë verborge.

Toe die graf oopgemaak is, kyk Jesus na die hemel en bid 'n kort gebed om die Vader te dank dat Hy sy gebed sal verhoor. Hy sê ook vir die skare dat wat nou gaan gebeur, vir hulle as bewys moet dien dat Hy deur God gestuur is.

Daarop roep Jesus met 'n groot stem: "Lasarus, kom uit!" Lasarus kom op Jesus se bevel na buite met sy hande en voete nog in grafdoeke toegebind en sy gesig toegedraai met 'n doek. Jesus sê vir hulle om hom los te maak sodat hy kan gaan. Jesus is die oorwinnaar oor die dood. So word sy woorde bevestig: "Ek is die opstanding en die lewe."

Die Fariseërs hou raad om Jesus dood te maak

Die opwekking van Lasarus veroorsaak 'n groot opskudding onder die Jode. Baie glo nou in Jesus. Die Fariseërs hoor ook van die gebeure en roep die Joodse Raad of Sanhedrin byeen om dit te bespreek. Vir hulle is die groot vraag: Wat moet ons doen? Jesus doen baie tekens en as Hy so aangaan, sal die hele volk naderhand in Hom glo. Dit kan lei tot opstand teen die Romeine en hulle is bang vir die Romeinse owerhede.

Die Fariseërs voel hulle moet iets drasties doen om hulle gesag en aansien te behou. Kajafas, die hoëpriester, kom met 'n voorstel. Hy glo dit sal beter wees as net een man vir die volk sterf as dat die hele volk omkom. Daarom moet planne bedink word om op die een of ander slinkse manier Jesus uit die weg te ruim. Die woorde van Kajafas het 'n dieper betekenis as wat hy bedoel het. As hoëpriester is hy ook 'n profeet. Nou gebruik God Kajafas om 'n profetiese woord te spreek. Jesus moet wel vir die hele volk sterf, die Een betaal vir die baie. Hy sou bowendien nie net vir Israel sterf nie, maar vir al die uitverkorenes onder al die volke van die wêreld. Eers later sal die bedoeling van God met die woorde van Kajafas erken word.

Op daardie dag besluit die Joodse Raad dat Jesus moet sterf. Hulle het nog geen klag teen Hom nie en daar was nog geen verhoor nie, maar die besluit is geneem.

Jesus weet dat die dag waarop Hy moet sterf, nog nie aangebreek het nie en dat Hy Hom dus nie aan gevaar moet blootstel nie. Daarom verskyn Hy nie meer so openlik in die openbaar nie, maar trek Hom terug na Efraim, 'n eensame dorpie in die noorde van Judea.

Gelykenis van die onregverdige bestuurder

In hierdie tyd vertel Jesus weer 'n gelykenis aan sy dissipels: Daar was 'n ryk man wie se bestuurder by hom aangekla is omdat hy sy besittings vermors. Hy laat hom toe roep en sê vir hom dat hy hom as bestuurder afdank aangesien hy onregverdig optree. Hy het die huurders van sy werkgewer te veel laat betaal en het hard en streng teenoor hulle opgetree. Van die hoë huurgeld het hy dan vir homself gehou. Daarom het die huurders hom by sy heer aangekla. Hy moes na sy kantoor gaan en sy boeke gaan haal om aan sy werkgewer voor te lê.

Hy besef dat hy die laaste paar uur van sy bestuurderskap kan gebruik om die vriendskap van hierdie mense te wen sodat hulle later by hom sal staan as dit met hom moeilik sou gaan. Daarom roep hy die skuldenaars van sy baas een na die ander na sy kantoor toe. Aan elkeen vra hy hoeveel hy skuld. Die eerste skuld honderd vate olie. Die bestuurder haal die skuldbewys te voorskyn en laat die man die syfer van honderd verander na vyftig. 'n Volgende een skuld honderd mud koring, maar hy mag dit verminder na tagtig. En so gaan hy op die ry af. Al hierdie mense het meteens verander in vriende van die bestuurder en hulle is vol lof vir sy optrede.

Wat hierdie bestuurder gedoen het, was om eerlik die hoeveelhede van die werklike skuld op die skuldbewyse te laat aanbring. So kry hy die guns van die skuldenaars, en doen hy iets waarteen sy werkgewer nie beswaar kan maak nie. Daarom ontvang hy lof.

Met hierdie gelykenis vermaan die Here sy dissipels om eerlik en verstandig met geld te werk terwyl hulle nog die geleentheid het. Dan sal ons nie alleen vriende op aarde maak nie, maar met blydskap in die hemel ingewag word. Die Here waarsku verder dat geld mens voor moeilike versoekinge kan stel. Wie eerlik is met die geld wat hy moet beheer, sal ook oor die "ware goed" aangestel word.

Die gelykenis van die ryk man en Lasarus

Die Here vertel nog 'n gelykenis: Daar was 'n ryk man wat purper en fyn linne klere gedra het en elke dag vrolik en in weelde geleef het. By sy hek het 'n arm bedelaar met die naam van Lasarus gelê wat vol swere was, sodat selfs die honde gekom en sy swere gelek het. Hy het verlang na die krummels wat van die ryk man se tafel afval, maar die ryk man het nie daaraan gedink om dit aan hom te gee nie.

Toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na Abraham in die hemel. Die ryk man het ook gesterf en het in helse smarte beland. In sy ellende sien hy Abraham en Lasarus van ver af. Hy roep na Abraham en vra hom om Lasarus te stuur om die punt van sy vinger in die water te steek om sy tong nat te maak, want hy ly erg in die vlamme. Maar Abraham antwoord hom dat hy sy goeie dinge in sy lewe ontvang het en Lasarus die slegte. En nou word Lasarus getroos, maar die ryk man het pyn. Lasarus kan buitendien ook nie by hom kom nie, want tussen hulle is 'n groot kloof.

Die ryk man vra toe vir Abraham om Lasarus na sy vader se huis te stuur en sy vyf broers te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van lyding kom nie. Maar Abraham weier omdat sy vyf broers die Bybel het om te lees en daarna te luister. Die ryk man dring daarop aan want as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar Abraham sê vir hom dat sy broers nie sal luister nie, selfs al staan iemand uit die dode op.

Die Here gee aan ons sy Woord en daarna moet ons luister. Niks anders sal ons help om te glo en ons te bekeer nie. Uit hierdie gelykenis leer ons ook meer aangaande wat ná die dood gebeur. Daar is onmiddellik ná die dood 'n grens tussen die gelowiges en die ongelowiges. Die een groep gaan in die doderyk na die plek van smarte en die ander na die plek van geluksaligheid.

Liefde, geloof en dienswilligheid

As goeie leermeester herhaal Jesus sekere dinge wat Hy voorheen reeds gesê het sodat die mense dit kan onthou. Die eerste is die plig om mekaar lief te hê.¹⁸⁴ Verder moet niemand in die pad staan van iemand wat na Jesus wil kom nie. Enigeen wat iemand wat nog swak is in die geloof, laat struikel, moet liever met 'n meulsteen om sy nek in die see gegooi word.

Ons mag ook nooit moeg word om mekaar te vergewe nie. As jou broeder sewentig maal sewe keer op 'n dag teen jou sondig en elke keer kom verskoning vra, moet jy hom elke keer weer vergewe.

Die koms van die koninkryk

Terwyl Jesus in die omgewing van Efraim is, kom die Fariseërs na Hom toe en vra Hom om aan hulle meer te vertel aangaande die wederkoms. Hy antwoord hulle dat die koninkryk nie met uiterlike tekens sal kom nie.

184 1 Joh. 3: 11 Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê;

'n Mens hoef ook nie angstig rond te kyk na alles wat gebeur nie, want die koninkryk van God is binne-in jou.

Die koninkryk is nou reeds hier en tog is dit aan die kom op die dag wanneer die Seun van die mens op die wolke weer kom. Die dissipels moet weet dat daar moeilike tye vir hulle sal wees voordat dié dag kom. Hulle sal wens dat dit al gekom het want daar sal baie valse messiasse wees wat die mense agter hulle probeer aanlok.¹⁸⁵ Die datum kan deur niemand bereken word nie. Die dag kom soos 'n weerligstraal - net so onverwags en onvoorspelbaar - en almal sal dit weet.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 180 - 185 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 299 - 310 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 611 - 625 p.

185 1 Joh. 4: 1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.